# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PROEFEKSAMEN**

**AUGUSTUS 2021**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _6_ bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 70 minute
   Afdeling B: 45 minute
   Afdeling C: 25 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

## AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1:**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

1.1 Die voor- en nadele daarvan om ingeënt te word teen die corona-virus. [50]

1.2 Vriende. [50]

1.3 Só kan ons meer werk in Suid-Afrika skep. [50]

1.4 My selfoon. [50]

1.5 Ek kon dit nie glo nie! [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[50]

**1.6.2**



**[50]**

**1.6.3**



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

**2.1 INFORMELE BRIEF**

Jou broer wat in Australië woon, is baie bekommerd oor wat in KZN , spesifiek Hillcrest waar julle woon, gebeur het, gedurende die onluste in die Julie vakansie.

Skryf aan hom en vertel van jou ondervinding en hoe julle geaffekteer is. **[30]**

**2.2 VERSLAG**

Jou juffrou se selfoon was aan die begin van die les op haar lessenaar, en aan die einde van die les, was dit weg.
Jy het gesien wat daarmee gebeur het.

Jy is gevra om 'n verslag oor die insident vir die dissipline offisier te skryf. **[30]**

**2.3 TYDSKRIF ARTIKEL**

Die redakteur van 'n bekende familietydskrif het jou gevra om 'n artikel te skryf met die titel:

**Alkohol vernietig gesinne.**

Skryf die TYDSKRIFARTIKEL. **[30]**

**2.4 INFORMELE TOESPRAAK**

Jou oupa en ouma is al 50 jaar lank getroud.
Jy is gevra om 'n spesiale toespraak te lewer by die partytjie.
Skryf die toespraak neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 3.1 UITNODIGING

Die inperking is verby en julle het besluit om jou 18de verjaardag te vier.

Ontwerp 'n uitnodigingskaartjie waar jy mense na jou partytjie toe nooi. **[20]**

### 3.2 WHATSAPP

Jou sportwedstryd is gekanselleer. Stuur vir jou ouers 'n WhatsApp boodskap om jou vroeër by die skool te kom haal. **[20]**

### 3.3. RIGTINGS

Jou ouers kom na die graad 12 oueraand toe, maar hulle weet nie waar die matriekklaskamers is waar dit gehou word nie.

Verduidelik, puntsgewys, hoe om van die skoolswembad se ingang na jou matriekklaskamer te loop. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 100 PUNTE**